

Aansoekvorm vir die volgende produkte en dienste

- 1 **Aflaaibare assesserings- en ondersteunings-dienste**
- 2 **Lesmateriaal** (gedrukte-boeke)
- 3 **Fasiliteerders-gidse** (gedrukte- en e-boeke)
- 4 **Tutordienste en oefensessies aanlyn in sekere vakke vir graad 8 – 12**
- 5 **Lees punte in, genereer rapporte & monitor jou kind se vordering**
- 6 **Guided Learning 'n aanlyn platform in sekere vakke vir graad 8 – 12**

*Toetse en eksamens sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlyn portaal.

As jy vir 'n volgraadpakket, wat bestaan uit al die vereiste vakke wat jy nodig het om na die volgende graad voort te gaan, wil registreer, voltooi asseblief die volprogramregistrasievorm.

Die registrasieproses

Let daarop dat 'n effektiewe aanlyn-registrasieproses vir hierdie en ander opsies via ons webwerf beskikbaar is. (E-boeke en Tuisassesseringsopsies is slegs aanlyn beskikbaar.)



1. Leerder

Neem kennis: Slegs een leerder per vorm.

Taal van kommunikasie Afrikaans Engels (Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)

Volle name ID-nommer (vereis)

Van Soort ID SA ID Paspoort Ander Spesifiseer Ander

Titel Voorletters Afskrif van ID/geboortsertifikaat (vereis) Nee Ja

Was jy vantevore by Impaq geregistreer? Nee Ja Studentenummer

Geboortedatum / /

Huistaal

Geslag Vrou Man Verkies om nie te sê nie

Etnisiteit Swart Kleurling Blank Indies Asiadies Ander Verkies om nie te sê nie

Geloof Christen Hindoeïsme Islam Boeddhisme Judaïsme Ander Verkies om nie te sê nie

Fisiese adres

Straatnaam en -nommer Stad/Dorp Provinsie

Voorstad Land Poskode

GPS-koördinate (opsioneel) Breedtelgging Lengtelgging

2. Versendingsmetode

- of
- Koerier** Bykomende nie-terugbetaalbare aflewingsfooi word gehêf as deel van die deposito: R315 vir Suid-Afrika en R1 100 (vrygestel van BTW) vir Namibië. Impaq versend nie na ander lande nie.
 - Afhaal by verspreider** Kliënte kan lesmateriaal self of deur middel van 'n aangestelde koerier by ons verspreider in Irene, Centurion afhaal. Kliënte sal gekontak word wanneer die pakkie gereed is vir afhaal.

Kies een aflewingsmetode

A Koerierdiens

Fisiese adres

Gebou/Kompleks/Plaas GPS-koördinate (opsioneel) (Desimale graadformaat)

Straatnaam en -nommer Breedtelgging

Voorstad Stad/Dorp Lengtelgging

Provinsie Land RSA Namibië

Poskode

B Afhaal by verspreider

3. Rekeninghouer – Persoon verantwoordelik vir die betaling van die rekening

Die rekeninghouer is die persoon/entiteit wie onderneem om alle bedrae aan Impaq verskuldig in verband met die verskaffing van Impaq se Produkte en Dienste, te betaal. Dit is die verantwoordelikheid van die Rekeninghouer om te verseker dat die korrekte inligting aan Impaq verskaf word vir die finalisering van die registrasie. Die Rekeninghouer is ook die persoon met wie Impaq 'n kontraktuele ooreenkoms aangaan. Verwys asseblief na die Bepalings en Voorwaardes vir meer inligting.

Volle name	<input type="text"/>	ID-nommer <i>(vereis)</i>	<input type="text"/>
Van	<input type="text"/>	Soort ID	SA ID <input type="checkbox"/> Paspoot <input type="checkbox"/> Ander <input type="text" value="Spesifiseer Ander"/>
Titel	<input type="text"/>	Voorletters	<input type="text"/>
Selnommer	<input type="text"/>	NEEM KENNIS: <i>'n Afskrif van die Rekeninghouer se ID moet aangeheg word.</i>	
Alle finansiële korrespondensie sal na hierdie e-posadres gestuur word.		Voorkeurmetode van kommunikasie:	SMS <input type="checkbox"/> E-pos <input type="checkbox"/>
E-posadres	<input type="text"/>		

Fisiese adres

Straatnaam en -nommer	<input type="text"/>	Stad/Dorp	<input type="text"/>	Provinsie	<input type="text"/>
Voorstad	<input type="text"/>	Land	<input type="text"/>	Poskode	<input type="text"/>

Voltooi die onderstaande gedeelte as 'n maatskappy/trust die rekening betaal

Deur die voltooiing en indiening van hierdie Ooreenkoms, doen jy (hierna verwys as die **"Wettige Voog/Rekeninghouer"**) aansoek om te registreer as 'n kliënt van Optimi Home (Pty) Ltd v/a Impaq, Registrasienommer: 2011/011959/07 (hierna verwys as die **"Maatskappy"**) om sodoende Produkte en/of Dienste van die Maatskappy te ontvang.

Hierdie Ooreenkoms is slegs van toepassing op die akademiese jaar.

Maatskappy inligting

Maatskappy naam	<input type="text"/>	Maatskappy registrasie-nommer	<input type="text"/>
Maatskappy VAT-nommer	<input type="text"/>	Maatskappy adres	
Maatskappy verteenwoordiger/kontakpersoon	<input type="text"/>	Straatnaam en -nommer	<input type="text"/>
Maatskappy kontakbesonderhede	<input type="text"/>	Voorstad	<input type="text"/>
Maatskappy e-posadres	<input type="text"/>	Stad/Dorp	<input type="text"/>
		Land	<input type="text"/>
		Provinsie	<input type="text"/>
		Poskode	<input type="text"/>

4. Wettige Voog

Die Wettige Voog is die ouer of voog van 'n Leerder, of die persoon wat wettige toesig van 'n Leerder het. Hierdie persoon is verantwoordelik, onder meer maar nie beperk tot, om te verseker dat daar aan die vereistes van die Suid-Afrikaanse Skolewet voldoen word, dat 'n goeie standaard van opvoeding gehandhaaf word, dat 'n portefeulje in stand gehou word en om die Leerder se vordering te monitor deur van Impaq se aanlyn portaal (*my.Impaq*) gebruik te maak. Die Wettige Voog neem verantwoordelikheid vir die integriteit en voltooiing van punte vir die finale rapport. Verwys asseblief na die Bepalings en Voorwaardes vir meer inligting.

Is die Wettige Voog dieselfde persoon as die Rekeninghouer? Nee Ja Indien ja hoef jy nie hierdie afdeling in te vul nie.

Volle name	<input type="text"/>	ID-nommer <i>(vereis)</i>	<input type="text"/>
Van	<input type="text"/>	Soort ID	SA ID <input type="checkbox"/> Paspoot <input type="checkbox"/> Ander <input type="text" value="Spesifiseer Ander"/>
Titel	<input type="text"/>	Voorletters	<input type="text"/>
Selnommer	<input type="text"/>	Voorkeurmetode van kommunikasie: SMS <input type="checkbox"/> E-pos <input type="checkbox"/>	
SMS-kommunikasie sal na hierdie nommer gestuur word.		Belangrike akademiese kommunikasie en kennisgewings sal na hierdie e-posadres gestuur word.	
E-posadres	<input type="text"/>		

Fisiese adres

Straatnaam en -nommer	<input type="text"/>	Stad/Dorp	<input type="text"/>	Provinsie	<input type="text"/>
Voorstad	<input type="text"/>	Land	<input type="text"/>	Poskode	<input type="text"/>

Die elektroniese fasiliteerder-opsie benodig die volgende sagteware spesifikasies: Die e-leser werk op drie platforms: iOS, Android en Universal Windows Platform (UWP). Vir UWP benodig gebruikers Windows 10 of 'n nuwer weergawe. iOS-tablette en -fone ondersteun iOS 10 tot 11.3. Android-tablette en -fone ondersteun vanaf 5.1 Lollipop tot en met 8.1 Oreo.

5. Enkelvakke

In hierdie afdeling kan jy individuele vakke per graad kies. Let wel, veranderinge met betrekking tot die keuses kan koste-implikasies hê.

Leerders wat vir die enkelvakprogram wil registreer, moet kennis neem van die volgende:

- Vakkeuses is baie belangrik en kan ernstige langtermyn implikasies inhou.
- Om 'n graad te slaag, moet die leerder aan die graad se slaagvereistes voldoen. Dit sluit in:
 - Voltooiing van alle verpligte vakke per graad.
 - Voltooiing van die voorgeskrewe minimum aantal vakke per graad.
 - Voldoening aan die voorgeskrewe vakkombinasies/bepelings.
 - Voldoening aan die voorgeskrewe reëls vir vakveranderinge.

Let wel: Impaq kan nie aanspreeklik gehou word indien 'n leerder nie aan die slaagvereistes vir die gekose graad (insluitend die NSS) voldoen nie, of indien toelating tot 'n tersiêre kursus geweier word weens verkeerde vakkeuses wat wel in die enkelvakprogramregistrasiekonteks toegelaat is.

Impaq beveel sterk aan dat leerders vir die standaardprogram vir elke graad (soos aangedui op die volprogramregistrasievorm) registreer.

Ek bevestig hiermee dat ek kennis neem van die implikasies en moontlike gevolge van die enkelvakprogram en dat ek dit verstaan.



Handtekening: Rekeninghouer/Wettige Voog

Datum:

6. Pakketkeuse: Senior Fase – Graad 7 tot 9

Kies inhoudopsie		Enkel vakkoste	Opsioneel	Enkel vakkoste
<input type="checkbox"/> Lesmateriaal (gedruk)	+	Fasiliteerdermateriaal (gedruk)	<input type="checkbox"/> Fasiliteerdermateriaal (elektronies)	Gr. 7 – 9: R152 + Gr. 7 – 9: R161

of

<input type="checkbox"/> Lesmateriaal (gedruk)	+	Fasiliteerdermateriaal (elektronies)	Gr. 7 – 9: R1357
--	---	--------------------------------------	------------------

Let daarop dat 'n effektiewe aanlyn-registrasieproses vir hierdie en ander opsies via ons webwerf beskikbaar is. (E-boeke en Tuisassesseringsopsies is slegs aanlyn beskikbaar.)

*Indien geen keuse uitgeoefen word nie, sal die gedrukte opsie gekies word.

**Toetse en eksamens sal slegs elektronies beskikbaar gestel word via Impaq se aanlyn portaal.

Word die graad herhaal?

Nee Ja

Waar het jy van Impaq gehoor?

Vak- en graadkeuse: Senior Fase – Graad 7 tot 9

Kies taal van lesmateriaal

Afrikaans

Engels

(Afrikaans, indien geen keuse uitgeoefen word nie)

Graad 7

Afrikaans Huistaal

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

English Home Language

English First Additional Language

Skeppende Kunste

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Lewensoriëntering

Wiskunde

Natuurwetenskappe

Sosiale Wetenskappe

Tegnologie

Bybelonderrig

Graad 8

Afrikaans Huistaal

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

English Home Language

English First Additional Language

Skeppende Kunste

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Lewensoriëntering

Wiskunde

Natuurwetenskappe

Sosiale Wetenskappe

Tegnologie

Bybelonderrig

Graad 9

Afrikaans Huistaal

Afrikaans Eerste Addisionele Taal

English Home Language

English First Additional Language

Skeppende Kunste

Ekonomiese en Bestuurswetenskappe

Lewensoriëntering

Wiskunde

Natuurwetenskappe

Sosiale Wetenskappe

Tegnologie

Bybelonderrig

- Bybelonderrig: Die leerder ontvang die lesmateriaal, maar word nie geassesseer nie. Die fasiliteerder ontvang 'n fasiliteerdersgids. Bybelonderrig: **R294** per jaar.

7. Koppel die dienste van 'n tutor

Neem kennis: Impaq sluit nie 'n kontrak met 'n tutor namens die Wettige Voog nie.

Wil jy 'n Impaq-netwerktutor aan hierdie aansoek koppel?

Nee

Ja

Tutornaam

Tutorkode

Hiermee verleen ek goedkeuring vir stelseltoegang aan die bogenoemde tutor om my by te staan met die administrasie/bestuur van my kind se assesserings. Ek verstaan dat die verlening van toegang aan hierdie derdeparty tot my kind se profiel ter ondersteuning van my verpligtinge as tuisonderrigouer is en dat ek steeds vir my kind se onderrig verantwoordelik bly.



Handtekening: Rekeninghouer/Wettige Voog

Datum: / /

8. Betaalmetode – Afdeling moet deur die rekeninghouer voltooi word

i Gebruik die vyf-syfer studente-nummer (bv. 21000) as verwysing vir betalings.

Kies een van die onderstaande drie betalingsmetodes:

A Eenmalige betaling

Die volle bedrag word onmiddellik betaal soos per die kwotasie. 10% korting op pakketprys word toegestaan. Betaling moet via EFO/bankdeposito/kredietkaart gemaak word.



B Maandelikse betaling via EFO/bankdeposito/kredietkaart

Die kliënt betaal maandelikse paaieimente. 'n Deposito van 40% van die pakketprys word vereis met registrasie (55% na 1 Julie 2020). Die uitstaande bedrag word maandeliks in gelyke paaieimente verhaal, soos per die aanvaarde kwotasie. Eerste paaieiment: In maand ná registrasie (vroegste Januarie); laaste paaieiment: Oktober.

C Maandelikse Impaq-gedadministreerde debietorder

Impaq stel 'n outomatiese maandelikse debietorder op. 'n Deposito van 25% van die pakketprys word vereis met registrasie (40% na 1 Julie 2020). Die deposito word nie outomaties verhaal nie en moet per EFO/bankdeposito/kredietkaart betaal word. Die uitstaande bedrag word maandeliks in gelyke paaieimente verhaal, soos per die aanvaarde kwotasie. Eerste paaieiment: Maand van registrasie (vroegste Januarie); laaste paaieiment: Oktober.

Algemene bepalinge

- Die bankbesonderhede en verwysing wat gebruik word vir betalings moet geskied soos op die kwotasie/faktuur aangedui anders kan dit die kwotasie negatief beïnvloed.
- Betalings kan aanlyn via Impaq se betaalportaal geskied.
- Kredietkaartbetalings mag by Impaq se kantoor geskied.
- Geen tjek of kontant sal aanvaar word nie.
- Betaling van kwotasie geld as ooreenkoms in terme van die aantal paaieimente, die bedrag en die begindatum.
- Fakturering geskied op die **vyf-en-twintigste (25ste)** van elke maand of die **eerste (1ste) van die volgende maand** en betaling moet op die bepaalde datum gemaak word.
- Standaard BTW-regulasies geld.
- Alle gelde op hierdie vorm sluit BTW in.
- Die pakketkoste is die somtotaal van die vakke wat gekies word. Gelde vir bykomende vakke, afleweringkoste en ander bykomende kostes is nie terugbetaalbaar nie en is betaalbaar met registrasie.
- Let daarop dat die bankbesonderhede van die rekeninghouer ingevul moet word, aangesien hulle verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die leerder se rekening

Kies een betalingsmetode:

A Eenmalige betaling

Ek wil my rekening eenmalig betaal.



Handtekening: Rekeninghouer

Datum: / /

of

B Maandelikse EFO/bankdeposito/kredietkaart



Deposito met registrasie word vereis

Ek wil my rekening maandeliks betaal. Ek gee toestemming dat 'n kredietwaardigheidsondersoek gedoen mag word indien nodig. Ek bevestig dat ek aanspreeklikheid aanvaar vir die betalings soos in die ooreenkoms omskryf.



Handtekening: Rekeninghouer

Datum: / /

of

C Maandelikse Impaq-gedadministreerde debietorder



Deposito met registrasie word vereis

Ek wil my rekening maandeliks deur middel van 'n Impaq-gedadministreerde debietorder betaal.

Algemene inligting:

- Bankkoste van R120 word verhaal vir debietorders wat onbetaald terugkom.
- Die rekening sal op die **vyf-en-twintigste (25ste)** van elke maand of die **eerste (1ste) van die volgende maand** vereffen word, met verwysing FLO.
- Indien die goedkeuringsproses afgehandel is voor die twintigste (20ste) van die huidige maand, sal die eerste debietorder dieselfde maand verhaal word. Indien nie, sal die eerste betaling in die volgende maand verhaal word.
- 'n Versoek om die bankbesonderhede te verander moet skriftelik voor die twintigste (20ste) van die huidige maand ingedien word om die volgende maand se debietorder te verander.
- Die 25ste sal outomaties gekies word as geen opsie aangedui word nie.
- Waar 'n debietorder-datum op 'n openbare vakansiedag of naweek val, sal die bedrag verhaal word op die laaste werksdag wat die naweek of openbare vakansiedag voorgaan.

Rekeningbesonderhede vir debietorder

Rekeninghouer	<input type="text"/>	Rekeningnommer	<input type="text"/>
Bank	<input type="text"/>	Soort rekening	<input type="text"/> Transmissie <input type="text"/> Spaar <input type="text"/> Tjek
Tak	<input type="text"/>	Takkode	<input type="text"/>
Suid-Afrikaanse tak?	<input type="checkbox"/> Nee <input type="checkbox"/> Ja	Debietorder-datum	<input type="text"/> Vyf-en-twintigste (25ste) <input type="text"/> Eerste (1ste) (van die volgende maand)

Ek versoek en bemagtig Impaq (deel van Optimi Home (Edms) Bpk) met hierdie skrywe om die aftrekking van my bankrekening soos hierbo genoem (of vanuit enige nuwe bank- of takrekening in my naam geopen) die bedrag/paaieiment soos hierbo uiteengesit of enige ooreengekome bedrag rakende hierdie ooreenkoms en/of aansoekvorm te verhaal. Indien die betaaldatum op 'n naweek of openbare vakansiedag val, gee ek toestemming dat die aftrekking die eerste werksdag voor of na die betaaldatum mag geskied. Indien daar onvoldoende fondse in my rekening is om die ooreenkoms na te kom, stem ek toe dat my rekening gemonitor sal word en inkomende fondse sal as betaling afgetrek word die oomblik wat dit in my rekening verskyn.

Sou enige bedrag/paaieiment nie verhaal wees nie of onbetaald terugontvang word, gee ek Impaq toestemming om die onbetaalde bedrag/paaieiment onmiddellik van my bankrekening te verhaal. Ek verstaan dat terwyl hierdie ooreenkoms in plek is en die bedrae nog aan Impaq verskuldig is, ek nie geregtig is op 'n terugbetaling van hierdie aftrekkings nie. Ek erken dat ek net hierdie mandaat in 'n twintig (20) dae skriftelike kennisgewing aan Impaq kan kanselleer. Impaq mag hierdie mandaat aan 'n derdeparty afstaan, of sedeer, net indien die ooreenkoms ook aan 'n derdeparty afgestaan of sedeer word. Indien die ooreenkoms nie aan 'n derdeparty afgestaan of sedeer word nie, mag hierdie mandaat nie aan enige derdeparty afgestaan of sedeer word nie.



Handtekening: Rekeninghouer

Datum: / /

i Let daarop dat die bankbesonderhede van die rekeninghouer ingevul moet word, aangesien hulle verantwoordelik gehou sal word vir die betaling van die leerder se rekening.

9. Standaardooreenkoms Impaq (’n afdeling van Optimi Home (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (1/3)

1. Impaq beteken Optimi Home (Edms) Bpk, registrasienommer: 2011/011959/07, ’n privaatsmaatskappy geïnkorporeer in Suid-Afrika wat opvoedkundige produkte en dienste verkoop (wat gebruik kan word in samewerking met privaat en onafhanklike dienste wat deur derde partye, soos Tutors, aangebied word) en wat insluit, maar nie beperk is nie tot opvoedkundige programme en modules, lesmateriaal, eksamens, opdragte en ondersteunings- en administratiewe dienste (hierna verwys as “Produkte” en “Dienste”).
 - 1.1 Vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms:
 - 1.2 **“Rekeninghouer”** beteken die persoon wat in hierdie Ooreenkoms en die Aansoekvorm onderneem het om alle bedrae verskuldig aan die Maatskappy te betaal, ten opsigte van die Maatskappy se voorsiening van Produkte en/of Dienste. Die persoon kan ook die Wettige Voog wees soos hierin omskryf;
 - 1.3 **“Ooreenkoms”** beteken hierdie Ooreenkoms sowel as die Aansoekvorm;
 - 1.4 **“Aansoekvorm”** beteken die Aansoekvorm wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer voltooi is vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms. Die Aansoekvorm gaan gepaard en moet saamgelees word met die bepalinge en voorwaardes van hierdie Ooreenkoms;
 - 1.5 **“Maatskappy”** beteken die entiteit, soos gestipuleer in die Aansoekvorm, wat in Ooreenkoms tree met die Wettige Voog/Rekeninghouer;
 - 1.6 **“Maatskappyplatform”** beteken enige een of meer aanlyn sisteme soos van tyd-tot-tyd voorgeskryf deur die Maatskappy wat gebruik moet word vir die bestuur en administrasie van Leerderrekords;
 - 1.7 **“Maatskappy-beleid”** beteken enige beleid, regulasie, reël of soortgelyke proklamasie, wat op die Maatskappy-stelsel gepubliseer is en/of direk deur die Maatskappy aan die Wettige Voog/Rekeninghouer gekommunikeer word, wat enige aspek rakende die Maatskappy en/of die Produkte en/of Dienste reguleer. Die Maatskappy-beleid sal deur die Maatskappy van tyd-tot-tyd in die Maatskappy se uitsluitlike en absolute diskresie bepaal word. Na publikasie op die Maatskappy-stelsel en/of versending van direkte skriftelike kennisgewing deur die Maatskappy aan die Wettige Voog/Rekeninghouer, sal die parallelle en/of ekwivalente voorafgaande Maatskappy-beleid (indien enige) met die nuwe beleid vervang word;
 - 1.8 **“Leerder”** beteken enige leerder, soos gestipuleer in die Aansoekvorm, wat op die Maatskappy-stelsel geaktiveer word om Produkte en/of Dienste te ontvang;
 - 1.9 **“Wettige Voog”** is die persoon, soos gestipuleer in die Aansoekvorm, wat beteken (a) die ouer of wettige voog van ’n Leerder; of (b) die persoon wat wettige bewaring van ’n Leerder het; of (c) die persoon wat onderneem om die pligte van ’n persoon te verrig waarna in (a) en (b) verwys word;
 - 1.10 **“Produkte”** beteken die lesmateriaal en verwante produkte wat deur die Maatskappy van tyd-tot-tyd gelewer word aan die Wettige Voog/Rekeninghouer en/of die publiek, ongeag die formaat – in gedrukte formaat (harde kopie) of digitaal;
 - 1.11 **“Dienste”** beteken die dienste wat deur die Maatskappy aan die Wettige Voog/Rekeninghouer en/of die publiek van tyd-tot-tyd gelewer word;
 - 1.12 **“Tutor”** beteken enige individu of onafhanklike entiteit geaktiveer op die Maatskappy-stelsel om die Produkte en/of Dienste in die uitvoering van privaat tutordienste aan leerders te gebruik.
2. Die Wettige Voog onderneem om te verseker dat hy aan al die vereistes van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996 (soos gewysig) (“die Wet”), voldoen:
 - 2.1 In terme van Artikel 3 van die Wet, sodra ’n Leerder die toepaslike ouderdom bereik, is dit elke Wettige Voog se verantwoordelikheid om te verseker dat die Leerder ’n skool bywoon en die nodige opvoeding en opleiding ontvang;
 - 2.2 In terme van Artikel 51 van die Wet, is die Wettige Voog verplig om aansoek te doen by die Hoof van die toepaslike Departement van Onderwys, om ’n Leerder van verpligte skoolgaande ouderdom wat nie ’n openbare of privaatskool bywoon nie, te registreer vir tuisonderrig;
 - 2.3 Die onderrig verskaf aan die Leerder mag nie van ’n laer standaard wees as die onderrig wat by openbare skole aangebied word nie;
 - 2.4 Die Wettige Voog is ook verplig om te verseker dat die Leerder se vordering geassesseer word en ooreenstem met die relevante wette wat ’n Leerder se opleiding reguleer; en
 - 2.5 Die Wettige Voog sal ook verplig wees om te voldoen aan enige redelike voorwaardes wat deur die Hoof van die toepaslike Departement van Onderwys neergelê word. Let wel dat die voorwaardes van provinsie na provinsie mag verskil.
3. In die geval waar ’n Leerder nie in die Republiek van Suid-Afrika woonagtig is nie, onderneem die Wettige Voog om te voldoen aan alle relevante wette en beleide ten opsigte van die opvoedkundige vereistes van die betrokke jurisdiksie waar die Leerder woonagtig is.
4. Enige Aansoekvorm wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer voltooi en ingedien word, sal beskou word as ’n aanbod aan die Maatskappy, die Ooreenkoms aangegaan deur die Wettige Voog/Rekeninghouer en die Maatskappy sal geag word asof dit voltooi is op die datum en plek waar die Aansoekvorm deur die gemagtigde verteenwoordiger van die Maatskappy op hoofkantoor aanvaar word. Verder hier toe:
 - 4.1 Die Maatskappy sal nie verplig wees om die Wettige Voog/Rekeninghouer uitdruklik in kennis te stel van die aanvaarding van die aanbod om Produkte/Dienste te lewer nie. Die Maatskappy se verskaffing van Produkte/Dienste sal beskou word as stilswyende aanvaaring van die aanbod;
 - 4.2 Geen aanbod sal oorweeg word tensy die Wettige Voog/Rekeninghouer aan die nodige vereistes in die Aansoekvorm voldoen nie. In terme van die voorafgaande, behou die Maatskappy die reg voor om enige aanbod te weier;
 - 4.3 Hierdie Ooreenkoms sal aanvang neem op die dag wat die Leerder geaktiveer word op die Maatskappy se sisteem en sal geldig bly vir die akademiese jaar waarvoor hierdie Ooreenkoms aangegaan is, soos gestipuleer in die Aansoekvorm;
 - 4.4 Die Ooreenkoms sal bestaan vir die relevante akademiese jaar, tensy dit vroeg beëindig word in terme van hierdie Ooreenkoms en sal outomaties beëindig word aan die einde van die relevante akademiese jaar. In terme van hierdie Ooreenkoms, sal 31 Desember beskou word as die datum waarop die akademiese jaar verstryk. In die geval waar die Maatskappy die Wettige Voog/Rekeninghouer verlengde toegang bied tot sekere Produkte en/of Dienste nadat die akademiese jaar verstryk het, sal die bepalinge soos vervat in hierdie Ooreenkoms steeds geldig bly;
 - 4.5 Hierdie Ooreenkoms kan nie hernu word nie en ’n nuwe ooreenkoms moet aangegaan word met betrekking tot elke akademiese jaar.
5. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken:
 - 5.1 Die Wettige Voog/Rekeninghouer is geregtig daarop om ’n aparte ooreenkoms met ’n Tutor aan te gaan, waarvolgens die Tutor gebruik maak van die Produkte en/of Dienste, wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ingevolge hierdie Ooreenkoms aangekoop word, om die Tutor se eie onafhanklike dienste te lewer;
 - 5.2 Geen Tutor is gemagtig om ’n ooreenkoms aan te gaan waarin die Tutor onderneem om Produkte en/of Dienste namens die Maatskappy te verskaf nie;
 - 5.3 ’n Tutor mag nie betaling van enige aard ten opsigte van die Produkte en/of Dienste van die Maatskappy hef of aanvaar nie;
 - 5.4 ’n Tutor se aktivering op die Maatskappy se sisteem, of die lys van ’n Tutor op die Maatskappy-platform(s) dui nie op enige akkreditasie en/of endossering van die Maatskappy nie;
 - 5.5 Die Maatskappy reguleer nie die dienste gelewer deur ’n Tutor nie. Hierdie dienste word beskou as privaat dienste en onafhanklik van die Produkte en/of Dienste soos aangebied in terme van hierdie Ooreenkoms;
 - 5.6 Enige ooreenkoms tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en ’n Tutor sal nie beskou word as deel van hierdie Ooreenkoms nie. Die Maatskappy sal nie verantwoordelik gehou word vir enige ooreenkoms tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en ’n Tutor of die verhouding tussen die Wettige Voog/Rekeninghouer en die Tutor sal nie gereguleer word deur hierdie Ooreenkoms nie.

9. Standaardooreenkoms Impaq (’n afdeling van Optimi Home (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (2/3)

6. Die Wettige Voog/Rekeninghouer waarborg en onderneem dat:
 - 6.1. Die inligting wat in die Aansoekvorm verskaf word is beide waar en akkuraat en dit is ’n wesenlike term van die Ooreenkoms;
 - 6.2. Indien nodig, is die Maatskappy geregtig daarop om enige addisionele dokumente en/of oorspronklike dokumente aan te vra. Indien die oorspronklike dokumente nie verskaf kan word nie, sal ’n gesertifiseerde afskrif aanvaar word;
 - 6.3. Hy/Sy is ten volle vertrouwd met die Maatskappy se mees onlangse Maatskappy-beleid en sal voldoen aan enige toepaslike Maatskappy-beleide.
7. Alle wysigings of aanpassing wat die Wettige Voog/Rekeninghouer wil maak ten opsigte van die Leerder se aktivering op die Maatskappy-stelsel, moet skriftelik binne sewe (7) kalenderdae van die ondertekeningdatum op die Aansoekvorm geskied. Enige veranderinge van watter aard ook al deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ten opsigte van die Leerder se aktivering op die Maatskappy-stelsel, sal addisionele kostes tot gevolg hê wat insluit maar nie beperk is nie tot die administrasiekostes soos bepaal in die Maatskappy-beleid.
8. Die Wettige Voog/Rekeninghouer bevestig hiermee dat die Leerder voldoen aan die voorgeskrewe riglyne in terme van die gekose Maatskappy Produkte soos van tyd-tot-tyd deur die Maatskappy uiteengesit sowel as enige eksterne eksamenraad of enige toepaslike regulerende liggaam. Indien die Leerder versuim om die vereiste bewys(e) in te dien nadat die Maatskappy dit versoek, sal die Maatskappy die reg hê om die Leerder se aktivering te kanselleer en die voorgeskrewe kansellasiekostes sal intree soos uiteengesit in die Maatskappy-beleid.
9. Die Wettige Voog/Rekeninghouer moet hom vergewis van die vereistes en reëls van elke Produk en/of Diens wat van die Maatskappy aangekoop word, met verwysing na die toepaslike kurrikulum en vakke asook die minimum vereistes vir die slaag van die spesifieke program en/of vakke. Die Wettige Voog/Rekeninghouer is ten volle verantwoordelik vir sy keuse van Produk.
10. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem volle verantwoordelikheid en aanspreeklikheid vir die aansoek vir en aankoop van die Produkte en/of Dienste vanaf die Maatskappy. Tensy anders ooreengekom, is die Wettige Voog/Rekeninghouer verantwoordelik vir die registrasie by enige eksamenraad vir die uitreiking van die graad 12-sertifikaat en alle kostes wat daarmee gepaard gaan.
11. Die deposito en enige ander gelde soos voorgeskryf in die Aansoekvorm, moet ten volle betaal word voordat enige Produkte en/of Dienste gelewer kan word.
12. Indien die Wettige Voog/Rekeninghouer die keuse maak dat die toepaslike Produkte per koerier aan hom/haar gestuur moet word, word dit geag dat die Wettige Voog/Rekeninghouer die koeriersverskaffer as agent vir die lewering van die Produkte aangestel het. Die Maatskappy word deur die Wettige Voog/Rekeninghouer gevrywaar van alle aanspreeklikheid indien die koeriersverskaffer versuim om enige of al die Produkte te lewer. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem verantwoordelikheid om Produkte gedurende werksure en by die gekose adres te ontvang. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem in om die nie-terugbetaalbare afleweringkoste vir die gekose afleweringsmetode te betaal.
13. Die Wettige Voog/Rekeninghouer neem verantwoordelikheid om binne sewe (7) kalenderdae vanaf die datum van ontvangs die Produkte van die Maatskappy deeglik deur te gaan en te verifieer. Die Wettige Voog/Rekeninghouer moet skriftelike kennis vir die Maatskappy gee indien die inhoud van die Produkte onvolledig is of foute bevat. Indien geen kennisgewing van die Wettige Voog/Rekeninghouer binne sewe (7) dae (soos bo uiteengesit) ontvang word nie, sal die Wettige Voog/Rekeninghouer ten volle verantwoordelik en aanspreeklik wees vir alle moontlike kostes wat aangegaan mag word vir die hersending van Produkte.
14. Alle Produkte van die Maatskappy bly die eiendom van die Maatskappy totdat sodanige Produkte ten volle betaal is. Dit word verstaan dat die Maatskappy ten opsigte van die verkoop van die Produkte slegs die reg verkoop om die intellektuele eiendom in enige Produk wat dit verskaf, te gebruik. Dit word verder verstaan dat die eienaarskap van sodanige intellektuele eiendom te alle tye in die Maatskappy gevestig bly.
15. Daar word spesifiek ooreengekom dat alle regte ten opsigte van intellektuele eiendom vervat in die Maatskappy se Produkte en/of Dienste, ongeag of dit geregistreer is of nie, insluitend maar nie beperk tot die Maatskappy se naam, handelsnaam, opvoedkundige programme, lesmateriaal, eksamens, opdragte, logo en/of beeld nie, sal uitsluitlik die eiendom van die Maatskappy bly. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken en stem in dat hy/sy aanspreeklik sal wees vir enige skade wat die Maatskappy ly, of alternatiewelik om ’n minimale bedrag van eenhonderdduisend rand (R100 000) te betaal, indien die Wettige Voog/Rekeninghouer die Maatskappy se Produkte en/of lesmateriaal kopieer, reproduiseer of versprei of toelaat dat enige persoon onder sy/haar toesig die bogenoemde aksies neem. Die Maatskappy behou ook die reg voor om kriminele klagtes teen die Wettige Voog/Rekeninghouer te neem in die geval van sodanige oortreding.
16. Die Wettige Voog/Rekeninghouer behou die reg om die Ooreenkoms, binne sewe (7) dae vanaf die datum van aflewering van die Produkte by die genomineerde adres, te kanselleer sonder om enige kansellasiefooië aan te gaan, mits sodanige Produkte binne veertien (14) dae vanaf die datum van aflewering, aan die Maatskappy se verspreider, in die oorspronklike verpakking teruggestuur word. Enige kansellasie buite die sewe (7) dae-periode sal in terme van die Maatskappy-beleid (Wysigings en Kansallasies) hanteer word en die Wettige Voog/Rekeninghouer sal aanspreeklik wees vir ’n persentasie van die pakketprys, sowel as alle nie-terugbetaalbare kostes.
17. Die Wettige Voog/Rekeninghouer erken dat hy/sy ten volle verantwoordelik is vir alle gelde en kostes ten opsigte van die Produkte en/of Dienste wat deur die Maatskappy verskaf word en aanvaar verantwoordelikheid om die volle gelde en verwante administrasiekostes voor of op die voorgeskrewe datum te betaal.
18. Indien die Wettige Voog en Rekeninghouer verskil, onderneem hulle om gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik te wees vir die betaling van alle bedrae wat aan die Maatskappy betaalbaar is of sal wees. Die Rekeninghouer sal slegs verander kan word indien alle bedrae verskuldig aan die Maatskappy deur die huidige Rekeninghouer ten volle betaal is.
19. In die volgende gevalle behou die Maatskappy die reg voor om die aansoek te kanselleer en/of te weier om enige Produkte en/of Dienste te verskaf, insluitend, maar nie beperk tot toegang tot assesserings, toegang tot die maatskappy-platform(s), sowel as administrasie- en ondersteuningsdienste nie, waar:
 - 19.1 Die Rekeninghouer versuim om verskuldigde betalings aan die Maatskappy te maak; of
 - 19.2 Enige gelde verskuldig is aan die Maatskappy deur die Rekeninghouer ten opsigte van ’n Leerder se vorige registrasie(s); of
 - 19.3 Die Wettige Voog/Rekeninghouer in versuim is met enige bepalinge en voorwaardes van die Ooreenkoms.
20. Vir die doeleindes van alle regsprosesse sal ’n sertifikaat dien as prima-facie bewyse van skuld, indien dit deur die finansiële bestuurder van die Maatskappy of sy genomineerde (wie se aanstelling as sodanige nie nodig is om te bewys nie) opgetrek word wat die skuld van die Wettige Voog/Rekeninghouer teenoor die Maatskappy verklaar, ten opsigte van alle verskuldigde bedrae ingevolge hierdie Ooreenkoms en die Aansoekvorm.
21. Die maatskappy en enige van sy behoorlik gemagtigde verteenwoordigers, mag die regte wat hierin vervat is, op enige tydstip aan ’n derde party sonder toestemming van die Wettige Voog/Rekeninghouer seeder of toewys. Die regte wat deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ingevolge hierdie Ooreenkoms verkry word, mag nie sonder die voorafgaande skriftelike toestemming van die Maatskappy gesedeer of toegeken word nie.
22. Die fisiese adres en die e-posadres wat die Wettige Voog/Rekeninghouer in die Aansoekvorm verskaf, is die gekose adres vir die doeleindes van lewering van regskennisgewings of enige kommunikasie met betrekking tot hierdie Ooreenkoms. Enige korrespondensie wat na die genomineerde adres gestuur word, sal geag word dat dit deur die Wettige Voog/Rekeninghouer ontvang is. Die Maatskappy sal geregtig wees daarop om kennisgewings aan die fisiese perseel te heg indien die ontvanger nie teenwoordig is nie. Die Wettige Voog/Rekeninghouer onderneem om die Maatskappy skriftelik in te lig deur middel van voorafbetaalde geregistreerde pos, e-pos of faks van enige adresverandering. Sodanige adresverandering is van krag vanaf die datum van ontvangs van die skriftelike kennisgewing deur die maatskappy.
23. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem hiermee in dat die Suid-Afrikaanse reg hierdie Ooreenkoms sal reguleer. Indien die bedrae verskuldig vir Produkte en/of Dienste nie betyds betaal word volgens die gekose betaalmetode in die Aansoekvorm nie, stem die Wettige Voog/Rekeninghouer toe tot die jurisdiksie van die Landdroshof en erken dat hy/sy aanspreeklik is vir alle regskostes, insluitend kostes op ’n prokureur-en-kliëntskaal.
24. Die Rekeninghouer verloën hiermee enige voordele waarop hy/sy geregtig mag wees, sonder om die voorgaande te beperk, die voordele van “geen waarde ontvang nie, rekeningshersienings, non numerata pecuniae (dat geen geld aan die Rekeninghouer betaal was nie), non causa debeti (dat geen geldige gronde vir die skuld/e bestaan nie), errore calculi (dat daar ’n fout was in die berekening van enige uitstaande bedrag) en die hersiening van rekeninge”, die betekenis en effek waarvan die Rekeninghouer verstaan en erken dat hy/sy ten volle vertrouwd is.
25. Geen afwykings of wysigings aan hierdie Ooreenkoms of afstanddoening van enige regte sal geldig wees nie, tensy dit skriftelik gemaak is en onderteken word deur beide die Wettige Voog/Rekeninghouer en die Maatskappy, of sy behoorlike bemaagtigde verteenwoordiger. Wanneer die Ooreenkoms geïnterpreteer word sal die bepalinge van enige geldige skriftelike wysiging saam met die balans van hierdie Ooreenkoms gelees word.

9. Standaardooreenkoms Impaq (’n afdeling van Optimi Home (Edms) Bpk) – Bepalings en Voorwaardes (3/3)

26. Geen versuim van die Maatskappy om enige bepaling van hierdie Ooreenkoms af te dwing, sal beskou word as ’n afstanddoening van die betrokke bepaling of die Maatskappy se reg om op die bepaling te steun nie. So ’n versuim sal op geen manier die Maatskappy se regte affekteer om die spesifieke uitvoering van die bepaling op enige tyd in terme van die Ooreenkoms te vereis nie.
27. Die Maatskappy, sy direkteure, werknemers en diensverskaffers sal nie aanspreeklik wees vir enige direkte, indirekte of gevolgskaad of verliese wat deur die Wettige Voog/ Rekeninghouer of Leerder gely word nie, insluitende dood, besering van watter aard ook al, wins- of dataverlies en vertragings, hetsy op grond van kontrak of delik, wat voortspuit uit die gebruik van die Maatskappy se Produkte en/of Dienste, wanneer dit as ’n tuisonderrigprodukt of deur ’n Wettige Voog of Tutor op enige ander manier gebruik word.
28. Die Wettige Voog/Rekeninghouer stem hiermee toe en magtig die Maatskappy, sowel as die Maatskappy se genomineerde of agent, om enige nodige kredietkontrole of -navrae by enige kredietburo of soortgelyke opspoorfasiliteit uit te voer en om die persoonlike- en rekeningbesonderhede van die Wettige Voog/Rekeninghouer te verifieer, met die doel om die kredietwaardigheid en kontakligting van die Wettige Voog/Rekeninghouer te bevestig. Die Maatskappy behou die reg om toepaslike finansiële of betalingsinligting van die Wettige Voog/Rekeninghouer aan ’n Tutor of enige van die Maatskappy se agente of sessionarisse te openbaar.
29. In hierdie Ooreenkoms sal die verwysing na een geslag die ander geslag insluit. Verwysings na ’n regspersoon moet natuurlike persone en trusts insluit en omgekeerd. Verwysings na die enkelvoud sluit die meervoud in en omgekeerd.

10. Verklaring

REKENINGHOUER: (SOOS GENOMINEER OP BLADSY 2)

Ek, _____ (volle name en van), (ID nummer: _____) bevestig hiermee dat ek die bepalinge en voorwaardes gelees het en ten volle verstaan. Verder bevestig ek dat ek persoonlik aanspreeklik is vir die betaling van die rekening en ek onderneem verantwoordelikheid vir die stiptelike betaling van die rekening of enige boetes of administrasiekostes soos gestipuleer in die Ooreenkoms en Registrasievorm. Ek verbind my tot die bepalinge en voorwaardes soos vervat in hierdie Ooreenkoms.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____



Handtekening: Rekeninghouer

WETTIGE VOOG (INDIEN NIE DIE REKENINGHOUER NIE):

Ek, _____ (volle name en van), (ID nummer: _____) bevestig hiermee dat ek die bepalinge en voorwaardes gelees het en ten volle verstaan. Ek bind myself tot die bepalinge en voorwaardes soos vervat in hierdie Ooreenkoms.

Geteken te _____ op hierdie _____ dag van _____ 20 _____



Handtekening: Wettige Voog

